DIE KEURINGSPROSES VAN DIE OPENBARE BESKERMER: 'N EVALUERING
*Deur Professor George Devenish**

'n A*d hoc*-komitee is deur die Parlement ingestel om toesig te hou oor die aanstelling van die opvolger van die Openbare Beskermer, advokaat Thuli Madonsela. Dr Makhosi Khoza, ANC-LP, was die voorsitter. In haar openingsrede het sy "die beste persoon vir die werk" belowe. Ook op die komitee was Julius Malema namens die EVV, asook die volgende: Glynnis Breytenbach, Phumzile van Damme, James Selfe en Werner Horne namens die DA. Ander lede sluit in, namens die ANC, Bongani Bongo, Amos Masondo, Nicolaas Koornhof, Grace Tseke, Madipoane Mothapo en Patrick Maesela.

Kleiner partye is verteenwoordig deur professor Themba Msimang vir die IVP, Steve Swart van die ACDP en Sibusiso Mncwabe namens die NFP.

Khoza, wat 'n regverdige en bevoegde voorsitter was, het erken dat verskeie faktore daartoe bygedra het dat die proses meer gespanne as ooit was - nie in die minste nie weens die huidige Openbare Beskermer, Thuli Madonsela, se prestasies tot dusver wat sommiges in magsposisies kwaadgemaak het. Sy het ook 'n reputasie dat sy vreesloos, uiters toegewyd en bevoeg is, en sodoende het sy die aandag en respek van die publiek en die media bekom.

Khoza het ook daarop gewys dat die keuring van 'n nuwe Openbare Beskermer "'n geleentheid bied om te skakel oor kwessies van moraliteit versus wettigheid".

Die hoofregter, Mogoeng Mogoeng, het in die bekende Nkandla-beslissing verklaar dat die Openbare Beskermer se kantoor ingestel is om grondwetlike demokrasie in die Republiek te versterk en dat ten einde om hierdie belangrike doelwit te verwesenlik, die ampsdraer "onafhanklik en slegs aan die Grondwet en die reg onderhewig moet wees". Hy het voorts daarop gewys dat daar van die Openbare Beskermer, soos ander Hoofstuk 9-instellings, vereis word om hul magte en funksies sonder vrees, begunstiging of vooroordeel uit te oefen.

72 aansoeke en benoemings is teen die sluitingsdatum van Vrydag, 10 Julie 2016 ontvang. Nadat daar deur die lys gegaan is, het die *ad hoc*-komitee 'n kortlys van 14 name bekendgemaak: regter Sharise Weiner, prof Bongani Majola, adv MT Goodman, prof Narnia Bohler-Muller, adv Muvhango Lukhaimane, adv Busiswe Mkhwebane, adv Chris Madibeng Mokoditwa, adv Nonkosi Princess Cetywayo, adv Mhlaliseni Mthembu, Jill Oliphant, Kaajal Ramjathan-Keogh, adv Kevin Malunga, regter Siraj Desai en Willie Hofmeyr, Adjunk-nasionale Direkteur van Openbare Vervolging.

Tydens die vergadering op 13 Julie 2016 is besluit dat daar op Donderdag, 11 Augustus met al die kandidate op die kortlys - op dieselfde dag - onderhoude gevoer sal word ten einde te verhoed dat hulle die onderhoude regstreeks op TV volg.

Alhoewel dit uit bogenoemde duidelik is dat die publiek en opposisiepartye tot 'n groter of kleiner mate by die proses betrokke was, het die finale besluit by die ANC as die

meerderheidsparty gelê, aangesien ‘n meerderheid van 60% in die Nasionale Vergadering (NV) nodig is vir aanstelling. Die realpolitiek van die situasie is dat aangesien die ANC meer as 60% van die setels in die Parlement beklee, hy in staat is om sy sin te kry. Desnieteenstaande, het hy toegegee dat hy tot ‘n mate beperk is deur openbare mening, indien hy ‘n persoon wil aanstel wat deur die publiek as totaal ongeskik beskou word.

Alhoewel die wysheid van ‘n maraton-proses om met al die kandidate op die kortlys vir die pos van Openbare Beskermer op 11 Augustus onderhoude te voer, vir meer as 20 ure onder die voorsitterskap van Khoza, bevraagteken kan word, moet die deursigtige proses egter verwelkom word. Die proses was egter sedert dit die eerste keer regstreeks op nasionale televisie uitgesaai is, met drama belaai. Die indringende onderhoude het, *inter alia*, ingesluit bewerings van die ontvangs van geld van buitelandse organisasies om litigasie in te stel, asook die onthulling van die gedrag van verskeie kandidate wat geraamtes in die kas het. Dit het gewissel van bewerings oor selfoondiefstal, dobbel in ‘n Casino, gebrek aan sekerheidsklaring, bewerings oor verkragting en vooroordeel wat die vervolging van persone in hoë ampte betref, ingesluit.

Wat baie duidelik was was dat die paneellede hul huiswerk deeglik gedoen het, en in die onderskeie kandidate se verlede en werkervaring gedelf het. Dit was duidelik uit van die vrae wat aan die kandidate gestel is dat sommige lede van die komitee hul eie agendas gehad het, wat vooroordeel weerspieël het in die wyse waarop hulle hul vrae gestel het. Dit het dus voorgekom of hulle poog om taktieke te gebruik ten einde negatiewe inligting oor diegene wat hulle as ongewens of polities in gedrang beskou het, aan die lig te bring.

Van die 14 kandidate met wie onderhoude gevoer is, is op ‘n verdere kortlys van vyf besluit. Hierdie persone was: regter Siraj Desai, prof Bongani Majola, adv Busisiwe Mkhwebane, regter Sharise Weiner en adv Muvhango Lukhaimane. Die *ad hoc*-komitee het - na versigtige en deeglike beraadslaging - besluit om adv Busisiwe Mkhwebane aan die NV as die nuwe Openbare Beskermer aan te beveel.

Die NV moet haar naam bevestig en dit sal dan aan President Zuma vir aanstelling voorgelê word. Haar professionele agtergrond sluit in, *inter alia*, afgesien van haar werk by die Staatsveiligheidsagentskap, die Departement van Binnelandse Sake en haar werk as senior ondersoeker in die kantoor van die Openbare Beskermer, ook diens in as diplomaat in China vir vier jaar. Die *ad hoc*-komitee stem saam dat sy ‘n geskikte persoon vir die pos van Openbare Beskermer is, ten spyte van bedenkinge dat sy te na aan President Zuma is, soos Glynnis Breytenbach van die DA en Julius Malema van die EVV onderskeidelik te kenne gegee het.

Sandiso Bazana, ‘n lektor in organisasiesielkunde aan die Rhodes-universiteit, in sy skrywe vir *The Witness*, kritiseer die onderhoudproses op twee gronde. Eerstens, die keuring van die lede van die *ad hoc*-komitee, wat uitsluitlik uit politici bestaan. Alhoewel dit meriete het, ten minste in teorie, is die uitvoering van die aanstelling in wese polities, en dit is te veel om van politici te verwag om hul mag oor te gee of te beperk deur persone met kundigheid buite die Parlement, in die burgerlike samelewing, te betrek. Die tweede punt van kritiek is dat ‘n

onderhoud onvoldoende is indien die doel is om karaktereienskappe soos integriteit, eerlikheid en betroubaarheid te identifiseer. 'n Mens moet egter met betrekking tot hierdie punt in gedagte hou dat die aanstelling van die Openbare Beskermer nie vergelyk kan word met aanstellings van persone met mag in die privaatsektor nie. Ander dinamika heers op die gebied van regering en politiek.

Ten spyte van sekere twyfelagtige taktieke soos hier bo beskryf, het die veelparty-aard van die verrigtinge 'n mate van balans daargestel. Khoza was oor die algemeen onpartydig en bevoeg as voorsitter. As geheel moet die proses dus beskou word as een met voldoende meriete. Die proses was beslis nie heeltemal voorbeeldig nie. Volgens prof Penny Andrews, dekaan van die Regskool aan die Universiteit van Kaapstad, het Madonsela die profiel van die Openbare Beskermer verhoog tot een van die land se mees betroubare instellings van regeringsbestuur. Sodoende het sy 'n baie hoë standaard gestel wat die uitvoering van haar pligte betref. Sy het 'n moreel samehangende en onberispelike professionele profiel daargestel wat haar opvolger moet aanneem. Dit is die formidabele uitdaging wat Busisiwe Mkhwebane die hoof moet bied. Haar kantoor moet almal se steun en aanmoediging geniet. In die woorde van die bekende en antieke Latynse frase, *carpe diem!*

**Devenish is emeritusprofessor aan die UKZN en een van die geleerdes wat gehelp het om die tussentydse Grondwet in 1993 op te stel; hy skryf hier in sy hoedanigheid as lid van die Paneel van Raadgewers van die Sentrum vir Grondwetlike Regte (SGR).*